Laat u volgende
SPORTSBAADJIE, GRYSBROEK of PAK KLERE maak
by u eie winkel of Snyersafdeling:
JAC. J. DU TOIT EN KIE.
ingelyf by
DIE EIKESTADWINKEL
(EDMS.) BPK.

# DIE Matie

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

DEEL I. No. 2. VRYDAG, 1 MAART 1946. Prys 1d.

WELKOM TERUG!
BESTE DIENS
nog verkrygbaar by
H. VILJOEN
PLEINSTRAAT

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
21 MAR 1949
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY.

## 'N BELANGRIKE REFERAAT

## Prof. Sim Stel die Probleem

**Sal Suid-Afrika binne 50 jaar reeds blootgestel word aan hongersnood? Hierdie vraag moes onwillekeurig by die aanwesiges opgekom het, toe prof. J. T. R. Sim verlede Saterdagaand in die amptelike openingsrede met die formele aanvang van die akademiese jaar die aandag gevestig het op die „Dreigende Gevaar van Erosie".**

**„Ons kan reeds nie alle rasse behoorlik voed nie en as daar toegelaat word dat die grondproduktiwiteit verder daal, sal die toestand steeds vererger", het spr. verklaar.**

*Prof. Sim verdien alle lof vir die bekwame wyse waarop hy sy rede in Afrikaans gelewer het. Soos bekend, is prof. Sim Amerikaner van geboorte en die studentegemeenskap was gewoond daaraan om met aandag na sy glasheldere redevoerings in Engels te luister. Saterdagaand is almal egter aangenaam verras. Dit kon moeilik beter gedoen gewees het.*

Die pragtige uiteensetting van die oorsake en die bestryding van erosie, veral wat betref die verskillende vorms wat dit aanneem, kan net in die verbygaan aangestip word.

Veral egter van belang is prof. Sim se verwysing na die invloed van erosie op die produksiepeil van voedsel. „Grondverlies gaan gepaard met 'n vermindering van die grondvrugbaarheid, en tensy nuwe grond dus in gebruik gestel, of andersins 'n verbeterde boerderytegniek ontwikkel word, moet die produksiepeil noodwendig daal".

### WAARSKUWINGS

Oor die erns van die posisie rig dr. Bennett, die Amerikaanse deskundige op die gebied van grondbewaring, die volgende waarskuwing tot Suid-Afrika: „Miskien sal nog 'n paar dekades van die agtelosige grondgebruik, wat ongelukkig nou algemeen is, 50 pst. van die oorblywende vrugbaarheid van die land wegneem".

Prof. Sim wys daarop dat „die Droogte-Ondersoekings-kommissie 22 jaar gelede die volk en die owerheid van Suid-Afrika reeds gewaarsku het vir wat aan die kom was, en tot 1939 is weinig gedoen om gronderosie te bestry".

Gelukkig het Suid-Afrika nou wakker geskrik en sal 'n omvattende navorsings- en voorligtingsprogram in die werk gestel word. Maar vir voorligting en leiding aan boere is 'n tegnies-opgeleide personeel nodig. Om in hierdie leemte te voorsien, het die Universiteit van Stellenbosch die voortou geneem deur 'n spesiale vierjarige kursus in grondbewaring in te stel en die Universiteit van Pretoria het in ons voetspore gevolg en bied 'n dergelike kursus aan.

## Eerstejaars Se Jaarlikse Uittog

### *C.S.V.-PIEKNIEK MÔRE IN DIE STRAND*

Daar is gewoonlik een dag gedurende die jaar wanneer senior-studente weer wens om eerstejaars te wees, naamlik die tweede Saterdag van die akademiese jaar, wanneer honderde „sorgelose" eerstejaars onder leiding en beskerming van die C.S.V.-tak na die Strand gaan vir hul jaarlikse piekniek. Vanjaar is alles reeds in die haak en die trein vertrek more-oggend stiptelik om 7.30 v.m. vanaf Stellenbosch-stasie.

Dit is 'n dag van sorgelose vreugde, veral vir hulle wat miskien vir die eerste keer die groot blou water sien. Daar word gesmul aan vrugte en heerlike koffie word gratis verskaf.

Daar word egter ook vir geestelike spyse gesorg en dr. F. Kirsten sal die aanwesiges gedurende die namiddag toespreek. Ander C.S.V.-leiers en C.S.-Klubleiers sal ook aanwesig wees en dit belowe om, indien die weer dit toelaat, weer 'n besonder aangename dag te wees.

**Onthou: 7.30 v.m. vanaf die stasie!**

### *WAT DIE PUBLIEK SÊ EN DINK . . . .*

Sommige **dameskoshuise** gaan te ver met die wyse waarop hulle die eerstejaars probeer belaglik voorstel in die openbaar.

Hulle vind die lewe rustiger noudat nuwe regulasies serenades en straatlawaai verbied.

## Mnr. Hennie Marais Aangewys as Taksleier

### A.N.S. HERVAT WEER BEDRYWIGHEDE — SLUIT AAN!

Mnr. Hennie Marais, voormalige hoofredakteur van „Die Matie", is Dinsdagaand deur die A.N.S.-Raad aangewys as taksleier vir Stellenbosch vir 1946.

Die benoeming van mnr. Marais, wat oorspronklik deur Streekleier S. P. Botha gedoen is, is deur die Raad goedgekeur, en sal later vir finale bekragtiging aan 'n ledevergadering voorgelê word.

Die A.N.S.-tak het weer alreeds begin lewe toon en die eerste ledevergadering sal eersdaags gehou word. Alle inligting i.v.m. aansluiting of andersins kan direk van die taksleier, p/a Dagbreek, verkry word.

## Vryheidsfees Op 2 Maart

Die Amajuba-vryheidsfees word vanjaar op 2 Maart gevier. Weens die drukte van die eerste week van die akademiese jaar is die datum vanaf 27 Febr. verskuiwe.

Die fees vind op die Blaauwklipterrein plaas. Die uittog met motors en fietse vind plaas om 4.15 n.m. vanaf die Drostdy.

Op die program verskyn o.a. gesellige verkeer en jukskei gedurende die middag. Aandete word vanaf 6—7 n.m. geniet. 'n Verslag van die Uniale Laertrek van die O.B. in Bloemfontein word gelewer, asook 'n toespraak deur Hoofgenl. Max Smuts. Die vryheidsvuur word om 9. n.m. aangesteek.

Alle Afrikaners word uitgenooi om aan die feestelikheid deel te neem.

Koffie sal verskaf word!

## Die Rektor Verlewendig die Formele Heropeningsplegtigheid van Die Universiteit

In die kennisgewing in die pers het die Registrateur van die Universiteit die heropeningsplegtigheid baie goed gekarakteriseer as 'n formele funksie, want dit was in die volste sin van die woord 'n akademiese formaliteit, soos dit van jaar tot jaar plaasvind. Dit kan ook uit die aard van die saak nie anders wees nie en dit kan deur niks anders vervang word nie. Een van die warmste aande van die jaar, soos die derde week van Februarie ons altyd bied; 'n groot maar swak gevulde saal, want baie van die ouere studente op so 'n aand verkies die oppervlakkigheid van die bioskoop bo die nugtere erns van so 'n funksie. Hulle wil nog vir oulaas wegskram van die Universiteit, want die bekoring van die nuwigheid is vir hulle reeds daar af en hulle weet wat van Maandag af vir hulle voorlê.

Maar die Rektor, dr. R. W. Wilcocks, is soos altoos op sy pos en soos gedurende die laaste tien jaar en meer verlewendig hy met sy gewone frisheid en eenvoudige saaklikheid die verrigtings van die aand.

Na 'n hartlike woord van welkom tot die aanwesiges, wat ook die nuwe studente op hulle gemak laat voel, toon hy met 'n kort oorsig van die afgelope akademiese jaar aan hoe die Universiteit, ondanks moeilikhede met huisvesting sowel vir klasse as vir studente, nog steeds vooruitgaan. Daar word nog nuwe kursusse ingestel b.v. in grondbewaring, daar word nuwe geboue opgetrek, en daar is nog altyd vermoënde vriende wat deur ruime bydraes die Universiteit ondersteun.

### KWEEKSKOOL SLAAN ALLE REKORDS

Vanjaar het 54 nuwelinge die marmertrappies van die Kweekskool opgegaan om hulle te laat inskrywe as bona fide studente in die teologie. Dit is die grootste aantal wat tegelyk toegelaat is en hulle kan dus beskou word as die rekord-klas — die totaal van al vier jare staan nou op 132 studente — dit is egter in vroeër jare oortref, toe die gemiddelde van die klasse groter was en daar sowat 150 ingeskrewe studente was.

*Besoek DIE UITSPAN*
**Waar die atmosfeer rustig is, die bediening beleefd en flink, die spyse — vanaf 'n koppie koffie tot 'n volledige maaltyd — - - - smaakvol aantreklik en goedkoop - - -**
*DIE UITSPAN is 'n besoek werd!*

Vir
LEWENSASSURANSIE
Raadpleeg
W. S. MALHERBE

SANLAM

Kantoor: Birdstraat 13, Foon 486.
Huis: De Waalstraat. Foon 222.
STELLENBOSCH.

Gestig 1850
Foon 24
APTEKERS
JOERNING EN SEUN
(EIENS.) BPK.,
Hoek van
Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH

Die Plaza
Foon 0013
GOING MY WAY
BING CROSBY
VRYDAG en SATERDAG
1 EN 2 MAART
MATINEE SATERDAG

Vermaaklikheid van A tot Z
DIE HANEKOM'S
SE OULIKE NOOIENTJIES
ORKES
VRYDAG, 1 MAART
1946
in die
REKREASIE-SAAL
STELLENBOSCH
om 8.15 n.m.
PRYSE:
Volwassenes: Bespreek 4/-
Onbespreek 3/-
Studente: Bespreek 3/-
Onbespreek 1/9
(Belasting Ingesluit)
Bespreek by C.S.V.-Boekhandel.

*DIE MATIE*

Alle korrespondensie aan:
G. J. ROUX,
Hoofredakteur,
p/a Dr. Hoge,
Rowanstraat, Stellenbosch.

VRYDAG, 1 MAART 1946.

## Ons Gesindheid

Dit is nodig dat ons daarop sal let dat ons as studente, hoewel ons 'n groot groep van die gemeenskap vorm, tog maar slegs 'n groep bly en nie die hele gemeenskap uitmaak nie. In die studentegemeenskap self is daar ook verdere groepe. So is daar die Kweekskoolstudnte en die teruggekeerde soldate.

Eerstens moet onthou word dat ons as studente gedurig in aanraking kom met die publiek, maar weens ons groot getalle baie min kontak het met die **breë publiek.** Dit is nodig om 'n gees van welwillendheid te openbaar teenoor die publiek. Hulle behoort meer in ag geneem te word by openbare funksies. Ons is dit verskuldig aan die publiek omdat hulle meer doen en opoffer in die vorm van dienste en geldelike bydraes vir studentesake, as wat meeste van ons miskien besef.

Twedens moet onthou word dat daar vanjaar 'n groot groep oud-soldate na Stellenbosch terugkeer. Hierdie mense is oor die algemeen ouer as die gemiddelde student en lê miskien 'n groter lewenserns aan die dag na soveel jare van ontberings. Dit pas die studentegemeenskap as geheel om die houding van die A.N.S. in hierdie verband te aanvaar.

Hierdie houding is een van welwillendheid en vriendskap: 'n houding wat voortvloei uit die beginsel van organiese studente-eenheid en volkseenheid. Die bande wat ons bind en die deurslag gee is die gemeenskaplik bande van bloed, taal, kultuur en lotsgemeenskap. Dit is hierdie bande wat ons bind vir die gemeenskaplike stryd van die blanke teen die gekleurde in die toekoms.

## Kollektes

In die verlede was dit 'n gewoonte by alle liefdadigheidsliggame, organisasies, sektes en 'n verskeidenheid van ander groepe om 'n aantal kollektelyste te kom los in die kosinrigtings van ons Universiteit. Dit het so erg toegegaan dat tot sewe of agt verskillende kollektelyste per week op hierdie wyse gesirkuleer het. Baie van hierdie liggame het niks te doen met studenteaangeleenthede nie.

Die wyse waarop hierdie lyste afgestuur word laat veel te wense oor. Dit word met boodskappe gestuur aan die verskillende Primariae of Primarië, of in hulle kamers gelaat met 'n versoek om tog die lys deur die koshuis te neem. Hierdie mense moet dan die lyste rondneem al moet hulle ook werk vir toetse of eksamens.

Ons wil baie vriendelik aan die publiek vra om tog in aanmerking te neem dat die hoofde van koshuise gewoonlik die mense is wat baie verantwoordelikhede het en onmoontlik met kollektelyste oorlaai kan word. Let tog asseblief verder daarop dat meeste van die studente met lenings studeer en allermins in staat is om op elke moontlike lys te gee.

# Russiese Spioenasie In Kanada

DEUR PROF. DR. J. A. WIID.

**Die spanning tussen die „Bondgenote" van gister en die „Verenigde Volke" van vandag het gedurende die afgelope week 'n nuwe krisispunt bereik. In die Angel-Saksiese nuusberigte en pers word veel aandag gewy aan die ontdekking van sensasiewekkende Russiese spioenasie in Kanada in verband waarmee belangrike oorlogsgeheime op die spel sou wees. Vir die persoon wat iets van propaganda en spioenasie weet, al word hulle nou ook in die Angel-Saksiese wêreld eufemisties „information" en „secret service" genoem, sal die Russiese affêre 'n hele aantal vraagtekens lewer.**

### WAAROM KANADA?

Die eerste is waarom nou juis Kanada die land moet wees waar die Russiese spioenasie ontdek is. Het die toeval hier die hoofrol gespeel? Het die Russe nou toevallig hul domste spioene en die Britte die slimste koppe van hul „Secret Service" in Kanada? Waarom het die ontdekking nie in die Verenigde State of in Brittanje plaasgevind nie waar Moskou tog seker ook sy spioene het net soos Washington en Londen hul „Secret Service" in ander lande het? Het Kanada die toneel van die ontdekking geword omdat hierdie land nie 'n grootmag is nie en derhalwe te swak is om 'n eersterangse oorlogsgevaarlike internasionale krisis te veroorsaak? Of het die ontdekking in Kanada plaasgevind met die oog op die Verenigde State? Dit staan tog vas dat die Amerikaners makliker opgewonde gaan raak oor die ontdekking van 'n spioenasie-komplot in 'n grensland as in die verafgeleë Afrika of Asië.

### WAAROM DIE ONTDEKKING OPENBAAR GEMAAK?

'n Belangrike vraag is waarom die ontdekking van die Russiese spioenasie openbaar gemaak word en juis op hierdie tydstip wanneer daar 'n algemene behoefte is aan rus en vrede om 'n gewonde en krank wêreld weer te heel en gesond te maak. Gewoonlik word daar probeer om die ontdekking van 'n spioenasie-komplot net so geheim te hou as die komplot self. Elke land beskik immers oor weë en middele om sy nasionale veiligheid in hierdie opsig te handhaaf, 'n eie sensasielustige persorgaan die swye op te lê of 'n sensasiewekkende berig te repudieer. Die vreemde spioen moet tou kry, hy moet nie agterkom dat sy spioenasie ontdek is nie en deur eie teen-spioenasie word die beste gebruik van die ontdekking gemaak.

In die geval van die Russiese spioenasie in Kanada is al hierdie dinge nie gedoen nie. Publisiteit het die plek van geheimhouding ingeneem. Waarom? Is dit 'n nuwe poging om die wêreldmening teen die Russe en hul vyfde kolonne in ander lande te bearbei of is dit 'n set om 'n moontlike Russiese lening in Amerika in die kiem te smoor. Dit is ook moontlik dat die Angel-Saksers van hierdie handige stok wat die Russe in hul hande geplaas het, gebruik maak omdat hulle tog oortuig is dat ander beproefde weë en middele op Moskou geen uitwerking het nie.

### 'N BRITSE MENING

In hierdie verband is die toespraak van Harold McMillan, 'n vroeëre minister en 'n huidige opposisielid van die Laerhuis, heel interessant. Interessant veral is sy toespraak omdat Sapa-Reuter soveel publisiteit daaraan verleen hoewel McMillan as opposisielid geen offisiële status het nie. Die Engelse regering is dus nie verantwoordelik vir sy woorde nie en ook Moskou het nie juis reg om daarteen beswaar te maak nie.

Volgens McMillan is die betrekkinge tussen die groot moondhede „baie gespanne, self onrusbarend gespanne." Die Russiese diplomasie sou in die Middellandse See en die Naburige Ooste „teen die goed erkende Britse belange toegespits" wees. Die Brits-Amerikaans-Russiese verbond sou „in werklikheid tydelik opgehef wees." Hy kla oor „'n planmatige diplomatieke offensief" teen Brittanje, oor „onsekerhede wat 'n atmosfeer van agterdog" skep, en oor die „spioenasie-geheime wat die hele droewige beeld voltooi." Hy stel vervolgens 'n aantal vrae: „Wat wil Rusland hê? Wat is die beweegrede agter hierdie maneuvers? Is dit 'n openbaring van die uitbreidingsbeleid van Tsaristiese Rusland? Is dit 'n openbaring van 'n nuwe imperialistiese veldtog, of beteken hierdie ontwikkelings die terugkeer tot 'n bekeringspoging tot verdere internasionale kommunisme?"

### DIE RUSSIESE REAKSIE

Die amptelike Russiese regaksie op die Kanadese onthullings is insiggewend. Daar word erken dat Russiese agente van Kanadese burgers „vertroulike inligting" verkry het. Hierdie inligting het gegaan oor „tegniese gegewens wat die Russiese regering vanweë sy hoër prestasies nie nodig gehad het nie." Voorts word daar 'n aanval op die Kanadese regering gemaak. Daar word gewys op die „onbeteuelde veldtog" teen Rusland wat deur die Kanadese pers en radio van stapel gestuur is. Die Russe vind dit „verrassend dat die Kanadese regering die verklaring oor die spioenasie-geval gepubliseer het in plaas van die Russiese regering om 'n verduideliking te versoek, soos die gewoonte tussen lande met normale betrekkings is."

### DIE POT VERWYT DIE KETEL

Volgens die aangehaalde Britse en Russiese beskouings is dit duidelik dat die diepgaande agterdog en wantroue tussen Angel-Saksers en Russe 'n nuwe hoogtepunt bereik het. As 'n Brit soos McMillan in Rusland uitbreidingsdrang, imperialisme en 'n herlewing van die Komintern vermoed, dan kan die Rus hom maklik na die rooi vlekke op die wêreldkaart wys met die vraag: En jy? As die Angel-Sakser net wantroue en agterdog in Rusland sien, dan kan die Rus daarop wys dat ook in die Angel-Saksiese wêreld daar 'n diepgaande wantroue en agterdog teen die Russe bestaan het en nog bestaan. Dit was die Westerse moondhede en bondgenote gedurende die Eerste Wêreldoorlog wat Russiese gebied binnege-

(Vervolg op bls. 4, kol. 2)

Rook Springbok-Sigarette

# OPLEIDINGSENTRUM VIR BLANKE KREUPELES OP STELLENBOSCH

**Verlede jaar het een van die grootste gebeurtenisse in die geskiedenis van die Nasionale Raad van Kreupeles plaasgevind, t.w. 'n ondersoek deur 'n benoemde kommissie, onder leiding van Prof. J. A. J. van Rensburg, van Stellenbosch, na die beroepsmoontlikhede van afwykende kinders.**

**Deels as gevolg van hierdie ondersoek, verdere besonderhede waarvan volgende week in Die Matie sal verskyn, sal daar binnekort 'n beroepsopleiding-sentrum vir blanke kreupeles op Stellenbosch opgerig word.**

Finale goedkeuring is Dinsdag op 'n vergadering van die Nasionale Raad in Kaapstad aan die oprigting van die gebou geheg. 'n Volledige skema, as grondslag vir verdere onderhandelinge met die verskillende Regeringsdepartemente, sal opgestel word deur 'n spesiale studie-komitee wat vir dié doel aangestel is.

Die sukses van die ondersoek van prof. Van Rensburg en die betrokke kommissie word deur bogemelde besluite opnuut beklemtoon.

Op die vergadering is verder aan die hand gedoen dat 'n handves vir agterlike kinders, gegrond op die aanbevelings van die verslag, daargestel moet word.

'n Verdere stap in die regte rigting is die besluit van die Nasionale Raad van Kreupeles om die salarisskale van die maatskaplike werksters wat in die diens van die Raad in Suid-Afrika is, in hersiening te neem. Die minimum-salaris is gevolglik op £260 vasgestel, met verhogings van £20, wat uiteindelik lei na £320 x £25 = £500.

## DIE K.A.T. IS HIER!

Op Saterdag, 9 Maart voer die K.A.T. die geslaagde blyspel van H. A. Fagan, „Die Stille Haard", op Stellenbosch op. Hierdie is die stuk waarmee die K.A.T. voorverlede jaar die grootste sukses van sy twaalfjarige loopbaan behaal het, en word nou met spesiale versoek herhaal. Dit geskied onder die bekwame regie van mev. Anna Viljoen, en as spelers neem weer deel Jim Retief, Helena Louw, Gieliam van Niekerk, Sappie Botha en Gallie Muller. Geraldine de Villiers neem die rol van die dogter en van haar word groot verwagtings gekoester.

Volgens ooreenkoms met die skrywer sal die beroepsgeselskap wat tans 'n landsreis met „Die Stille Haard" onderneem, dit nie in Stellenbosch opvoer nie.

## DIE VROUE-VERENIGING VAN U.S.

Die K.A.T. se opvoering vind plaas onder die beskerming van die Universiteits-Vrouevereniging, 'n liggaam wat hom beywer om jaarliks £100 aan die Universiteit te skenk vir lenings aan verdienstelike en behoeftige studente. So was die Vrouevereniging in staat om verlede jaar deur die reëling van vier konserte en ander kleiner funksies, hul elfde donasie van £100 aan die Universiteit te oorhandig. Onthou dus: „Die Stille Haard", op Saterdag, 9 Maart. Help 'n mede-student deur dit by te woon.

## OULIKE NOOINTJIES OP STELLENBOSCH!

Volgens 'n advertensie op een van ons bladsye sal die Stellenbosse konsertganger en toneelliefhebber binnekort die voorreg hê om te kyk en te luister (veral te kyk!) na „Die Hanekoms se Oulike Noointjies-Orkes".

Met hierdie toer bring die alombekende Mathilde Hanekom iets heel nuuts op die planke — musiek en toneel. Die klankryke word met die kleurryke op meesterlike wyse geïntegreer tot 'n prettige, pragtige, sinryke geheel — so sê die pers, en nie die advertensiekolomme nie!

In die verlede het Die Hanekoms 'n hoë peil gehandhaaf, veral as ons dink aan die opvoerings soos **„Oom Paul"** en **„Hans die Skipper"**. Dit is dus ondenkbaar dat hulle hul aan so'n „revolusionêre" onderneming sal waa gas hulle nie 'n groot sukses daarvan kan maak nie...... en, dié wat hulle al gehoor en gesien het meen dat in hierdie oulike noointjies skoonheid en kuns verenig is!

Dit word verneem dat **mnr. Boetie Krüger** wat ook in Kenia ernstig siek was aan maagkoors, tans buite gevaar verkeer.

## „Sotte, Val In!"

### *DAGBREEK VERWELKOM SY NUWELINGE*

Sotte, val in! Sotte, val in! Sotte, val in! Dit is die welkomsgroet wat vanjaar weer lustig oor die Dagbreek-vierkant heen weergalm.

Die verwelkoming begin so stadigaan weer sy regmatige plek in die studentelewe inneem. Koos van Zyl, een van die ou garde wat die laaste groot deel deurgemaak het, wil nog net graag voordat hy Stellenbosch vaarwel toeroep, sien dat die „nuwelinge" se hare, soos in die dae van ouds, afgeskeer word.

Die „Dagbreek-babas" vang die dag met liggaamsoefeninge onder die bekwame leiding van die doopkomitee aan. Nadat slegs drie dae van die „verwelkomingstydperk" agter die rug is, wil hardnekkige berigte dat sommige van die ou here, by name twee welbekende krieketspelers, Horn en Räscher, al meer baat gevind het by al die fisiese inspanning as die „sooie" self.

## Rekord-Aantal In Dagbreek

Alle rekords is vanjaar in Dagbreek geslaan toe aan 401 studente, danksy die ywerige pogings van primarius Danie Moolman, huisvesting verleen is.

Dit het egter nie so maklik gegaan nie, en gevoelens het, na berig word, soms hooggeloop wanneer 'n persoon skielik aangesê is om te verhuis omdat sy kamer in 'n ander seksie is, of wanneer 'n nuweling moes uitvind dat sy kamer reeds per abuis beset is.

In 'n onderhoud met Die Matie het mnr. Moolman egter die versekering gegee dat „alles tans wel is."

Verlede jaar is 399 studente in Dagbreek gehuisves. Vanjaar is daar 102 nuwelinge, waaronder 25 oudsoldate. Laasgenoemdes word, volgens die neergelegde beleid van die Universiteitsowerhede, oral deur die studente-gemeenskap heen versprei en die 25 Dagbrekers skyn glo heeltemal tuis te wees.

## Busdiens Ingestel Te Word Op Koshuise

'n Busdiens sal, na uit betroubare bron verneem word, eersdaags vanaf die spoorwegstasie op die munisipale gebied van Stellenbosch ingestel word.

Die bus sal, wanneer treine op die stasie aankom, vanaf die stasiegebou vertrek. Daarvandaan sal dan 'n vasgestelde roete, wat al die vernaamste universiteits- sowel as privaat losieplekke sal insluit, gevolg word.

Nadere besonderhede is tans nog nie beskikbaar nie, maar Die Matie hoop om binnekort meer inligting te kan verskaf.

## Grosvenorhuis se Huiskomitee

Primarius: Philip Loots.
Onder-Primarius: Pierre Fourie.
Sekretaris: S. Kok.
Lid: Mej. R. de Wet.

**Mnr. Johan Eyssen** het 'n betrekking op die redaksie van „Die Transvaler" aanvaar.

BESOEK —

SUIKERBOSSIE MELKSALON

en kom geniet julle ledige uurtjies in ons

BILJARTSALON

WELKOM MATIES!

U is baie welkom by die Dames-modewinkel van mej. E. le Roux. Kom na ons vir u volgende TABBERD, AANDROK OF KOSTUUM.

● Ons ontvang depositos en open rekenings.

E. LE ROUX
(EDMS.) BEPERK
Plenistraat (Langs Good Hope-Kaffe)

Foon 94
Santy se Bottelstoor
En probeer ons groot verskeidenheid Soetwyne en keurige Aptyt-drankies.

W. C. DU TOIT
VAN RYNEVELDSTRAAT,
bied u aan alle Patrone van
SANDALE en SKOENE.
Ons REPAREER ook alle
SKOENE en SANDALE.

R. W. VAN RIJN
BRILMAKER
Bring u oogarts se voorskrif na my. Groot verskeidenheid in die modernste Brilrame, asook raamlose modelle. Spesiale afslag vir studente.



5DE VERDIEPING — GROOTE KERKGEBOU — KAAPSTAD

BELANGRIKE AANKONDIGING!

Jac. J. du Toit & Kie
Die Welbekende Kleremakers
IS NOU INGELYF BY
Die Eikestadwinkel (Edms.) Bpk.

Ons hoop om met hierdie uitbreiding nog beter diens aan ons baie tevrede kliënte te verskaf.

● Plaas u bestellings vroegtydig!
● Ons waarborg tevredenheid of u geld terug!

DIE EIKESTADWINKEL
(EDMS.) BPK.
— Die Studente se Winkel —

